



SKOUERSAK



GEHEKELDE SAK



SEINTUURSAK

slentersakke

BREI OF HEKEL EEN VAN DIÉ BYDERWETSE SAKKE EN SPOG MET JOU HANDEWERK

Benodigdhede

Sirdar Calypso of Pingouin DK (50 g-bolle), kleure na keuse. Stekehouders soos nodig.

GEHEKELDE SAK: 8 bolle; hekelpen van 4,50 mm; 0,5 m voeringstof.

SEINTUURSAK: 5 bolle; breinaalde van 3,25 mm; 1 knoop.

SKOUERSAK: 3 bolle; 3,25 mm-breinaalde; 3,25 mm-rondbreinaald; stukkie Velcro; 3 knope.

LET WEL: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Saprotex geen verantwoordelikeit vir die voltooide werk aanvaar nie.

Spanning

Doen 'n spanningstoets. Die regte spanning is baie belangrik. Indien daar te min steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word. Die toepaslike spanning word by elke sak afsonderlik aangedui.

Mate

Gehekelde sak 31 x 26 cm; seintuursak:

15 x 15 cm; skouersak: 15 x 15 cm.

Afkortings

BREI: aw – brei aweregs; beg – begin; gs – glijpsteek; gv – gare vorentoe (om 'n steek te maak); herh – herhaal; ks – koussteek; ms – mossteek; N(e) – naald(e); oorbl – oorblywende; pat – patroon; pgav – plaas gare aan voorkant van werk; r – brei regs; R(V)K – regte (verkeerde) kant van werk; rs – reksteek; st(e) – steek (steke); tes – tesame; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; weersk – weerskante.

HEKEL: gs – glijpsteek; goh – gare oor hekelpen; kb – kortbeen; kb2tes – hekel 2 kb tes (steek pen in vlg st, goh en trek 'n lus op) 2 keer, goh en trek deur al drie lusse.

GEBRUIKTE STEKE

Mossteek: Elke ry r1, aw1, oor 'n onewe aantal steke.

Reksteek: Elke ry regs.

Koussteek: 1 ry regs, 1 ry aweregs; die regskant is voorkant van werk.

Gehekelde sak

Spanning; 18kb en 16 rye = 10 x 10 cm met 'n 4,50 mm-hekelpen, of met 'n pen om by jou werk te pas.

Voor- en agterpant (dieselfde)

Gebruik 4,50 mm-hekelpen en draad deurgaans dubbel; maak 57ks.

Vlg (RK-) ry: Hekel slegs in agterlus van ks, maak 1kb in 2e ks vanaf pen, 1kb in elke kb tot einde, draai - 56kb.

Vlg ry: 1ks (1ks vervang die 1e kb), hekel steeds in agterste lus van elke kb, maak 1kb in elke kb tot einde, draai.

Herh die laaste ry tot werk 26 cm lank is, eindig met 'n VK-ry. Knip werkdraad af.

Draband

Gebruik 4,50 mm-hekelpen en dubbeldraad, maak 321ks.

Vlg ry: Werk slegs in agterlusse van ks, 1kb in 2e ks vanaf pen, 1kb in elke ks tot einde, draai - 320kb.

Vlg ry: 1 ks (vir 1e kb), hekel steeds in agterlus van elke kb, 1kb in elke kb tot einde, draai. Herh laaste ry 3 keer.

Vlg ry: Vou band oorlangs dubbel, steek pen deur vlg ry en opstelrand saam. Hekel 1ks. 1kb in elke st tot einde. Werk af.

Afwerking

Speld sakpant uit tot 61 cm x 26 cm. Pers liggies oor 'n klam lap en laat droog word. Knip 'n voeringstuk om binne-in sakpant te pas, laat 1 cm rondom toe vir nate.

Stryk of pars 1 cm van voeringstof aan bokant na binnekant om. Plaas VK op mekaar en werk sy- en onderkantrante toe. Werk punte van band aan mekaar vas. Plaas plat kant van band op sak,

werk ongeveer 8 cm van sykante af vas. Met VK voor, werk sy- en onderkantrante van voering toe. Plaas voering in sak met VK teen mekaar en gs borand vas.

Seintuursak

Spanning; 21 ste en 38 rye = 10 x 10 cm oor rs met 3,25 mm Ne, of Ne om by jou werk te pas.

Sak

Gebruik 3,25 mm-Ne en dubbeldraad, stel 31 ste op. Brei rs tot sak 39 cm lank is, eindig met 'n VK-ry en heg af.

Seintuur (lengte aanpasbaar, maak twee dele)

Gebruik 3,25 mm-Ne en dubbeldraad, stel 19 ste op. Brei rs tot seintuur 42 cm lank is (of verlangde lengte), eindig met 'n VK-ry en heg af.

Sluitstuk

Gebruik 3,25 mm-Ne en dubbeldraad, stel 16 ste op, heg hulle in vlg ry af.

Afwerking

Vou 15 cm van pant oor om 'n sak te vorm, werk synate toe, werk seintuur aan weersk van sak vas. Werk sluitstuk aan flap van sak vas. Werk knoop aan sak vas.

Skouersak

Spanning; 21 ste en 38 rye = 10 x 10 cm oor rs met 3,25 mm Ne, of Ne om by jou werk te pas.

Sak

Gaan soos vir seintuursak te werk.

Skouerband

Gebruik 3,25 mm-rondbreinaald en dubbeldraad, stel 224 ste op. Brei 9 rye rs. Heg regsgewys af.

Afwerking

Vou 15 cm van sakpant oor om 'n sak te vorm, werk synate toe. Werk punte van skouerband aan agterkant van sak vas. Werk knope aan sak-flap vas en 'n stukkie Velcro aan weerskante van sak vas vir sluiting. ☞